REËLS EN REGULASIES

LEES ASSEBLIEF SORGVULDIG DEUR

Inskrywings moet op die inskrywingsvorm wat voorsien word gedoen word. Inskrywingsvorms moet volledig en duidelik leesbaar ingevul en onderteken word en nie later nie as **Woensdag 28 Maart 2018 om 16:00,** die Kreatiewe Handwerk organiseerder, Posbus 377, BLOEMFONTEIN 9300, bereik nie. **Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.**

Aparte inskrywingsvorms moet vir elke afdeling gebruik word. Fotostate van inskrywingsvorms word aanvaar. Inskrywingsvorms, tesame met die nodige inskrywingsgeld, kan persoonlik vanaf **1 Februarie 2017** by die kantoor ingehandig word.

Inskrywingsfooie moet saam met die inskrywingsvorms gestuur word. BTW is ingesluit by die inskrywingsfooi.

E-pos inskrywings word aanvaar. Fooie moet met ontvangs van faktuur inbetaal word.

ALLE ARTIKELS PER POS MOET DIE KANTOOR BEREIK NIE LATER NIE AS **WOENSDAG 4 APRIL 2018.**

Slegs verteenwoordigers van Bloemskou sal in die saal toegelaat word wanneer vertoonstukke ontvang en uitgestal word. **Geen ander persone sal in die saal toegelaat word terwyl artikels beoordeel word nie, of gedurende voorbereiding van die saal nie.**

Alle vertoonstukke moet deur vertoners self gemaak wees en vir die eerste keer op hierdie skou vertoon word. Indien dit onder die aandag van die Skoubestuur kom dat artikels wat deur 'n ander persoon gemaak is ingeskryf word, of dat artikels herhaaldelik ingeskryf word, sal alle artikels wat deur daardie persoon ingeskryf is, summier gediskwalifiseer word. Artikels in die naaldwerkafdelings mag nie gewas wees nie.

Kruisinskrywings word nie toegelaat nie.

Vertoners wat in meer as een afdeling kompeteer, moet asseblief artikels apart verpak vir elke afdeling, duidelik gemerk.

Onmiddellik na ontvangs van inskrywingsvorms en fooie, word vertonersetikette aan vertoners oorhandig of gestuur. **Hierdie etikette moet deeglik aan vertoonstukke geheg word.**

Ingeval beoordelaars vertoonstukke nie 'n eerste prys waardig ag nie, behou hulle die reg om 'n tweede of geen prys toe te ken nie, selfs al is daar net een inskrywing in die betrokke klas. Alleenlik persone wat geen belang het by artikels wat beoordeel word, sal as beoordelaars aangestel word. In alle gevalle sal die beslissing van die beoordelaars finaal wees.

As koördineerders vind dat artikels wat vertoon word nie in die regte klas ingeskryf is nie, is hulle geregtig om dit oor te plaas na die regte klas. In alle gevalle moet sulke oorplasings kruisverwys word in die betrokke beoordelaarslêer.

Enige vertoner wat appél teen die beslissing van 'n beoordelaar wil aanteken, moet die appél skriftelik uiteengesit, met redes en saam met 'n bedrag van R30.00 by die Kreatiewe Handwerk organiseerder vóór 13:00 op die tweede dag van die Skou inhandig. Prysgeld sal nie uitbetaal word alvorens die Uitvoerende Komitee van die Kreatiewe Handwerk afdeling tot 'n besluit, wat finaal sal wees, gekom het nie. Ingeval die appél van die hand gewys word, sal die vertoner die bedrag van R30.00 verbeur.

Prysgeld sal kontant uitbetaal word wanneer vertoonstukke afgehaal word op die Dinsdag na afloop van die skou.

Bloemskou verseker die inhoud van sale tot 'n beperkte bedrag teen brand maar sal nie verantwoordelik wees vir enige verlies of skade wat deur vertoners gely mag word nie.

Posgeld vir terugsending van vertoonstukke moet reeds met versending betaal word. Slegs vertoonstukke wat per pos versend word sal weer op dieselfde wyse teruggestuur word. Pakkies wat persoonlik ingehandig is, moet weer persoonlik afgehaal word. Koördineerders word vriendelik versoek om geen pakkies te ontvang wat nie behoorlik verpak en gebind is nie.

NB!!! VERTONERS OF GEMAGTIGDE PERSONE SAL NIE VOOR 16:00 OP **DINSDAG 8 MEI 2018** TOEGELAAT WORD OM VERTOONSTUKKE AF TE HAAL NIE. Alle vertoonstukke moet op hierdie dag afgehaal word deur die vertoner self met die vertoon van die ontvangsbewys van inskrywings. Artikels sal slegs aan 'n ander persoon oorhandig word met die toon van 'n skriftelike toestemmingsbrief van die vertoner. Afhaal van artikels, Dinsdag **8 MEI 2018** vanaf 16:00 tot 18:00. **Bloemskou aanvaar geen verantwoordelikheid vir artikels wat nie op hierdie dag afgehaal word nie!**

Bloemskou behou die reg voor om inskrywings sonder verstrekking van rede te weier/onttrek. Bloemskou behou die reg voor om inskrywings met eksplisiete naakte, gewelddadige en politieke temas te weerhou van beoordeling of uitstalling.

Vertoners mag artikels te koop aanbied in die Kreatiewe Handwerk saal. Sulke artikels moet 'n "Te Koop"-etiket aanhê en 10% van die verkoopprys moet aan Bloemskou oorbetaal word.

Bloemskou sal nie verantwoordelik wees vir enige spesiale pryse geskenk deur donateurs, wat na die skou om enige rede nie opgeëis kan word nie.

Punte word as volg toegeken:

- Eerste plek 3 punte
- Tweede plek 2 punte
- Derde plek 1 punt
- Spesiale Prys 2 punte addisioneel by 'n eerste plek

Bloemskou sal nie verantwoordelik wees vir enige borg wat onttrek nie.

Datums van beoordeling mag verander.

ELKE AFDELING HET SY EIE INLIGTING/REëLS EN REGULASIES. LEES DIT ASSEBLIEF SORGVULDIG DEUR.

RULES AND REGULATIONS

PLEASE READ CAREFULLY

All entries must be made on the printed form accompanying the catalogue. The entry forms must be filled in and signed by the exhibitor to reach the Creative Crafts Organiser, P.O. Box 377 BLOEMFONTEIN 9300, not later than **WEDNESDAY 28 MARCH 2018** AT 16:00. **No late entries will be accepted.**

Separate entry forms must be used for every section. Photo copies will be accepted. Entries must be forwarded with the entry fee in all cases. VAT is included in the entry fee. Entries will be accepted from **1 February 2017**.

Electronic entries will be accepted. Payment must be done on receipt of invoice.

Postal exhibits must reach the office not later than **WEDNESDAY 4 APRIL 2018** to avoid disappointment.

Only officials in charge of the different sections will be allowed in the hall while exhibits are being received or arranged and no person will be allowed in the hall while the judges are at work**. No one will be allowed to enter the hall before commencement of the show.**

All exhibits must be the bona-fide production of the exhibitor and must be a first exhibit at this show. If any irregularity is detected on this matter, the rest of the exhibitor's entries will be disqualified immediately. Any washed articles will also be disqualified.

No cross entries will be allowed.

Exhibitors competing in more than one section are requested to pack articles separately for each section, clearly marked. However, it can be sent in the same container.

Labels supplied by the Creative Crafts Organiser on receipt of entries and fees, must be firmly attached to each exhibit.

In the event of the judges not deeming any article worthy of a first prize, they have the right to award it a second prize or to withhold the award, even if only one entry was received in the class. No person will be appointed a judge who has any interest in the articles to be judged. The decision of the judges will be final.

If the coordinators find that articles for exhibition have not been entered in the correct class, it may be transferred to the correct class. In these cases the transfers must be cross-referred in the judges' files. Please notify the organiser.

Any exhibitor lodging a protest must do so in writing, giving reasons as to why the protest is being made and hand it to the Creative Crafts Organiser before 13:00 on the second day of the show, together with a fee of R30.00 in order that the same may be brought before the Executive Committee of the Creative Crafts Section whose decision shall be final. In case of the protest being dismissed, this amount will be forfeited by the exhibitor. When a protest is lodged, the prizes in such classes will be retained until the Committee has reached a decision in this regard.

Prize money will be paid in cash at collection of exhibits.

Bloem Show insures contents to a limited amount against fire but does not hold itself responsible for any loss or damage suffered by exhibitors.

Return postage must be submitted at the time of dispatch. Bloem Show will only undertake to pack and return exhibits that have been sent to the Show by rail or post. Parcels left at the hall or office must be called for personally.

Convenors, for their own and the benefit of the Show, must please not accept parcels which have not been securely packed.

Exhibitors or authorized representatives will only be allowed to receive their exhibits at the office of the secretary in the Creative Crafts Hall from 16:00 - 18:00 on **TUESDAY 8 MAY 2018**. All exhibits must be collected on this day together with the acknowledgment of entries. Exhibits will only be submitted to someone else with a written confirmation from the exhibitor. **Bloem Show will not be responsible for any loss or damage to articles not collected.**

Bloem Show reserves the right to refuse entries without giving reasons. Bloem Show reserves the right to withdraw entries of explisit, nudity, political, violent nature.

Exhibitors may present articles for sale in the Creative Crafts Hall. These items must be labeled "For Sale" and 10% of the selling price must be paid over to Bloem Show.

The society will not be responsible for any special prizes received from sponsors, that cannot be claimed after the show.

In case of any inquiries about a section, please contact the Convenor of the specific section. That is the person who compiled the catalogue for the section and has all the necessary knowledge about the section.

Points will be allocated as follows:

- First prize 3 points
- Second prize 2 points
- Third prize 1 point
- Special prize 2 points additional to a first prize

Bloem Show will not be held responsible if any of the sponsors withdraw.

Date of judging may change.

EACH SECTION HAS ITS OWN INFORMATION, RULES AND REGULATIONS. PLEASE READ THEM CAREFULLY.